MUNISIPALITEIT SWARTLAND

KENNISGEWING 13/2016/2017

VERKIESING VAN WYKSKOMITEES: NOMINASIE VAN KANDIDATE

AGTERGROND

Die mandaat van Swartland Munisipaliteit ingevolge artikel 152(1)(e) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, vereis dat daar vir elk van die twaalf wyke in die munisipale gebied 'n wykskomitee ingestel moet word.

'n Wykskomitee bestaan uit die wyksraadslid, wat – *ipso facto* – die voorsitter van die komitee is, en tien ander persone, waarvan ten minste twee lede van die vroulike geslag moet wees.

Paragraaf 4(2) van die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees bepaal dat lede van 'n wykskomitee op grond van geografiese verteenwoordiging gekies sal word.

INDIENING VAN NOMINASIES

Die nominasie van kandidate vir die onderskeie wykskomitees word hiermee uitgenooi. Die persoon wat genomineer word, moet:

(1) as 'n kieser geregistreer wees op die kieserslys van die wyk waarvoor hy of sy genomineer word (vir hierdie doel sal die nuutste opgedateerde nasionale kieserslys beskikbaar op die Onafhanklike Verkiesingskommissie se databasis gebruik word om te bepaal of 'n persoon as 'n kieser geregistreer is of nie);
(2) nie 'n lid van die Raad wees nie;
(3) nie 'n werknemer van die Munisipaliteit of die Weskus Distriksmunisipaliteit wees nie;
(4) nie op sluitingsdatum vir die ontvangs van nominasies, geld aan die Munisipaliteit vir langer as 3 maande skuld nie;
(5) enige familiebande met die betrokke wyksraadslid vooraf verklaar.

'n Persoon moet op 'n voorgeskrewe vorm wat by die onderstaande kantore verkry kan word, genomineer word:

Wyk 1	Moorreesburg	Munisipale Kantore	&	Biblioteek
	Koringberg	Poskantoor		
Wyk 2	Moorreesburg	Munisipale Kantore	&	Biblioteek
Wyk 3	Riebeek-Wes	Munisipale Kantore	&	Biblioteek
	Moorreesburg	Munisipale Kantore		
Wyk 4	Malmesbury	Munisipale Kantoor		
	Chatsworth			Biblioteek
	Riverlands	Highway Kafee		
Wyk 5	Darling	Munisipale Kantore	&	Darling-Suid Biblioteek
	Yzerfontein	Munisipale Kantore		
Wyk 6	Darling	Munisipale Kantore	&	Darling-Noord Biblioteek
Wyk 7	Abbotsdale	Bambino's Crèche, Kerkstraat 143		
	Kalbaskraal	Cobblestone Handelaarswinkel		
	Malmesbury	Munisipale Kantore		
Wyk 8	Malmesbury	Munisipale Kantore	&	Malmesbury Biblioteek
Wyk 9	Malmesbury	Ilinge Lethu Thusong Sentrum	&	Wesbank Biblioteek
Wyk 10	Malmesbury	Munisipale Kantore	&	Wesbank Biblioteek
Wyk 11	Malmesbury	Munisipale Kantore	&	Wesbank Biblioteek
Wyk 12	Riebeek Kasteel	Munisipale Kantore	&	Biblioteek

SLUITINGSDATUM VAN NOMINASIES

Nominasievorms, behoorlik ingevul, moet by die **MUNISIPALE BESTUURDER, MUNISIPALE KANTORE, MALMESBURY INGEDIEN WORD NIE LATER NIE AS 17:00 OP DONDERDAG, 29 SEPTEMBER 2016 (me Nicolette Brand of me Samantha Kulsen)**.

Indien u enige inligting of verduideliking verlang met betrekking tot enige saak hierbo vermeld, kan u met me Nicolette Brand of me Samantha Kulsen by die Munisipale Kantore, Malmesbury (022 487 9400) gedurende kantoorure skakel of die Reëls en Prosedures vir Wykskomitees raadpleeg wat op die munisipale webtuiste by www.swartland.org.za beskikbaar is.

J J SCHOLTZ
MUNISIPALE BESTUURDER

MUNISIPALE KANTORE
PRIVAATSAK X52
MALMESBURY
6 September 2016